DEEL 112 | WEEK 13 | 9 APRIL 2021 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# MY SOEKTOG!



Ongeveer 500km in slegs 12 dae met 'n perdekar! Vanaf 20 April tot en met 1 Mei 2021 gaan 'n epiese Perdekar avontuur aangepak word vanaf die plaas Skaap-plaas in die Koppies/ Sasolburg omgewing en aangepak word tot by Utrecht in Natal. Die roete is nie reguit nie en die doel is dat niks minder as 500km afgelê gaan word nie. Verskeie dorpe op die pad gaan besoek word waar organisasies soos die Voortrekkers, FAK en verskeie ruiterklubs die avontuurliste gaan inwag.

Wessel Mostert, beter bekend as "Wess Express" is 'n *Pro MMA* vegter en 2014 wêreldkampioen asook Vrystaat kampioen, het begin met die gedagte rondom 'n perdekar toer so paar maande terug. Hy vertel aan Heilbron Herald dat hy nog altyd gewonder het hoe ver mens met 'n perdekar kan ry. Hy beskryf homself as 'n avontuurlustige persoon en word die avontuur aangepak saam met mense soos geskiedkundige storieskrywer Nico Moolman, wat die bekende boek "Kamphoer" geskryf het. Asook Twin Mosia, wat gekies was in 2018 as een van die *100 Mandelas of the future*. Twee Heilbronners is ook bygevoeg en ons eie geskiedkundige kenner Piet Lombard en fotograaf Dawie Fourie gaan hierdie rit mee maak. Wessel vertel dat daar nege mense saam die toer sal doen.

Dorpe soos Heilbron, Koppies, Reitz, Vrede en Wakkerstroom gaan besoek word. Sover as moontlik word grondpad roetes gevolg. Die roete eindig op 1 Mei waar sanger en akteur Ian Robertz die vermaak in Utrecht gaan verskaf. Daar gaan ook by sekere geskiedkundige plekke oornag word, soos byvoorbeeld Vegkop en Amajuba, maar verskeie male sal daar langs die pad ook gerus word. Die perdekar is 'n outydse perdekar met houtspeke en 'n staalloopvlak wat hul eie uitdagings gaan bied. Gedurende die avontuur gaan klem gelê word op historiese stories wat deur mense eie aan 'n gebied vertel gaan word om geskiedenis te bevorder. Mostert het ook gesê dat hierdie avontuur die eerste van 'n klomp gaan wees, en dat elke avontuur sy eie uitdagings gaan bied.

Van 'n baie klein gedagte is daar reeds baie Suid-Afrikaners oor die land heen betrek vir raad en leiding en dit is verbasend hoeveel ongekende mense belangstelling toon. Die perdekar is op 'n veiling vir 'n aansienlike bedrag aangekoop. Die perde wat in die tog gebruik word, gaan ook gemonitor word deur verskeie veeartse en perdekenners op die roete.

Heilbronners wat die tog wil volg, kan ook by die WhatsApp groep "Perdekar avontuur" inskakel asook 'n Facebook bladsy en Youtube kanaal wat spesifiek vir die doel geskep gaan word. Foto's, onderhoude en video's gaan gereeld geplaas word. Die volledige besonderhede van die avontuur sal volgende week bekend gemaak word.










# In FOKUS hierdie week .... Resepte/ kosse

*Ons het weer ʼn paar besighede gevra om wenke en meer inligting te gee oor aspekte rakende kossoorte/resepte. Hier volg die onderskeie besighede se raad:*

**Buffalo Valley Spur:**

Only the best cuts of class-A beef", 21 days perfectly matured, 350c Flame-seared-flavour!!! Tender tasty and chargrilled – the way steak should be. Periodically baste steak while grilling 2-3 times both sides. Baste when turning the product, as it prevents meat from sticking on the grill. Always baste steak generously and sprinkle with famous seasoning salt on both sides before plating. Rare/medium rare/ medium/ medium-well/ well done – just the way you want it. Nothing brings people together like sharing a great meal in a warm, family environment. Generous portions, great service and a friendly vibe where everyone is welcome; that is what Spur's about and that's what has made it South Africa's favourite family restaurant.

***Spur - A taste for life.***



**Pasch du Plooy:**

Dry curry grilled prawns with spiced rice salad and fresh peach salsa paired with **ERNST GOUWS & CO CHARDONNAY 2020**

**Winemaker's Notes:**

Textured and creamy, with ripe orange citrus flavours. Ripe South African citrus aromas of tangerine, orange and kumquat are further complimented by notes of pineapple and white peaches. An unwooded style of Chardonnay, displaying elegance and finesse, and a creamy mouthfeel.

**Dry curry grilled prawns with spiced rice salad and fresh peach salsa**

**For the prawns**

**Ingredients**

10 x tiger prawns, cleaned, heads on (16-20 size)
Spice paste
1 thump size piece ginger, peeled and sliced
2 cloves garlic
1 x 5cm piece of lemon grass, white only, chopped 1tsp tamarind paste
50g fresh coriander
1tsp ground cumin
1tsp ground coriander
1tbs ground turmeric
Small pinch cinnamon powder
2tbs coconut cream
2tbs canola oil

**Method**

Combine all the ingredients for the spice paste in a food processor and blend until a smooth paste Add more coconut cream if needed to blend smooth
Now season the prawns with salt and pepper and cover with the spice paste
Refrigerate until use, marinated for at least 1 hour

**For the rice salad**

**Ingredients**

2 cups cooked basmati rice
1 x red onion, cleaned and sliced
1 cup rosa tomatoes
2 x cloves garlic, cleaned and chopped
125ml canola oil
50ml white wine vinegar
1tbs honey
1/2tsp toasted cumin seeds, lightly crushed
1/2tsp toasted coriander seeds, lightly crushed
60g plain feta cheese, crumbled
20g mint
20g coriander
20g parsley

**Method**

In a saucepan or pot add the oil, garlic and rosa tomatoes
Heat the oil slowly until the tomatoes starts to fry and break open
Turn the heat off and add the onions, cumin and coriander seeds, honey and lastly the vinegar Stir for a few seconds to cook off the vinegar
In a mixing bowl combine the rice, feta cheese, and herbs and mix well
Now add the cooked tomatoes and onions to the rice and mix well
Set aside until use
Serve at room temperature



For the salsa
Ingredients
2 x fresh peaches, pitted and cut into small cubes 1/4cup peeled and diced cucumber
1 x mild red chilli, seeded and finely chopped 1tbs white sugar
2tbs lime juice
2tbs chopped fresh coriander 2tbs chopped fresh mint
1tbs chopped fresh basil Pinch of sea salt

**Method**

Mix all ingredients for the salsa, season with sea salt and refrigerate until use

**To finish the prawns**

Remove the prawns from the marinate
Try to keep as much paste a possible on the prawns
In a saucepan add some olive oil and heat until warm
Carefully add the prawns to the hot oil, make sure to space them so that they can cook evenly
Cook for 1 minute each side, now add some of the marinade, about and 1tbs per prawn, cover with lid and cook for 3 mins until done
Serve over rice salad with fresh salsa on the side

**Krediete:**

-Resepte: Pasch du Plooy, www.pasch.co.za
-Wyne: Ernst Gouws & Co, www.ernstgouws.co.za
*Wynmaker: Ernst Gouws
*Wyne kan aanlyn bestel word op hulle webtuiste en hulle lewer landwyd af
-Foto's: Sainkie du Plooy, www.pasch.co.za




**Chocolate Chip Cookie in a Cup**

**Course:** Microwave Dessert
Servings: 1
**Author:** Melissa @ No. 2 Pencil

**Ingredients**

1 Tablespoon Butter
1 Tablespoon Granulated White Sugar
1 Tablespoon of firmly packed Dark Brown Sugar
3 Drops of Vanilla Extract
Small Pinch of Kosher Salt
1 Egg Yolk discard the egg white or save for different recipe
Scant 1/4 of All Purpose Flour slightly less than 1/4 of a cup
2 heaping tablespoons of Semi Sweet Chocolate Chips plus more for topping

**Instructions**

Start by melting your butter in the microwave. Butter should just be melted, not boiling.

Add sugars, vanilla and salt. Stir to combine.

Separate your egg and add the yolk only to your cup. Stir to combine.

Add flour, then stir again. Measure a scant, slightly less than full, 1/4 cup of all-purpose flour.

Add the chocolate chips, and give a final stir. Now your mixture will look like cookie dough. Add a few chocolate chips to the top of the cookie dough.

Cook in microwave 40-60 seconds, start checking for doneness at 40 seconds.

Mine takes 50 seconds. Do not cook past one minute, just like a regular cookie, this will continue cooking as it cools.

If the cookie is dry or cake like, try less time.

Serve warm.





# Op reis na (n)êrens

## OOM DANIE SKRYF... deur Albie Schoeman DEEL 6

Grendelstraat 65
Locktown
2020

29 Mei 2020

Liewe dominee Braam

Jy ken oom Danie lank genoeg om te weet hy kla nie maklik nie, maar die hokslaan het ons aan die keel beet. Onse geduld is opgebruik. Die tannie sê sy is moeg vir ministers en flopnuus. Ek sê is dit nie maar dieselfde ding nie, Dominee?

Van opgebruik gepraat, Dominee. Wie het die storie versprei dat toiletpapier gaan opraak? Ek sê vir Dominee daar is groot fout. Die oom en tannie het tot hul drinkgeldjies in toiletpapier gesit en nou is dit op *special* by die winkel. Die rakke staan vol. Ek sê vir die tannie ons kan dit nou maar weer dubbeld vou. Ons mors meer seep op hande was as wat ons papier spaar. Dit gaan nie opraak nie. As Dominee verstaan wat Oom bedoel.

Ou Stoffeltjie Nel sê my, hy het 'n kontak om drank goedkoop te kry. Hy sê die pryse het glo kwaai geval, Dominee. Hy sê jy kan nou brandewyn kry teen R500 'n bottel. Dit is glo halfprys Dominee en dan kom laai die taxi hom by jou voordeur af. Hy sê ons moet gou speel, die aanbod geld net tot 31 Mei. Ek sê vir die tannie as Stoffeltjie nie skelm is nie, is hy dom. Hy is seker die enigste een wat nie weet die President maak die bottelstore weer op 1 Junie oop.

Kyk Dominee, oom Danie en die tannie vat ook so nou en dan ietsie vir die senuwees of plesier, maar mense raak die likste goed kwyt as hulle nie drank kry nie. Tant Lenie met die lewer wat daar langs die Koekemoers bly, is blykbaar op haar laaste, Dominee weet? Maar siestog, sy verseg glo om te gaan. Sy sê as daar nie drank op haar begrafnis is nie, gaan sy nie. Dis nou begrafnis toe, Dominee. Wanneer sy nou gegaan het. As Dominee verstaan wat ek bedoel. Nou is Oom self nie seker nie. Ai Dominee, mens kan mos nie so praat nie.



Dominee Braam en nog mag ons nie hare sny nie. Ek het nooit besef haarkappers is so vol kieme nie. Grietjie met die tuitbekkie het altyd so lekker geruik as Oom sny. Ek mis my haarsny Dominee. Ek sal my lewe waag om net weer vir Grietje te kan ruik.

Die tannie sê ek lyk al meer soos Simson, maar sonder die spiere. Sy sê kom ek sny jou hare. Ek sê dis reg Delila, spuit net eers van jou *sent* aan. Ek sit met my oë toe en ruik haar *Red Door* en bid dat die skêr nie moet gly nie.

Sy sê, toe-toe maak oop jou oë. Ek is eers nie seker of sy oop of toe bedoel nie. Toe loer ek maar met skrefies en toe skrik ek hulle groot oop. Dominee daar sien ek vir Hitler in die spieël, maar sonder sy snor.

Ag Dooms, oom Danie het twee dinge van die wyse Prediker geleer. Nee drie... Jy stry nie met 'n vrou met 'n skêr in haar hand nie en jy praat nie tee as sy 'n fout met 'n fout probeer regmaak nie. O, en jy sê niks van 'n ander vrou se parfuum nie...

Sy sê ek moet my nie stupid hou nie. Sy gaan haal nou die skeermes, dan kan ek kies tussen Hitler en Nataniël.

Dominee, Grietjie se tuitbekkie het nog nooit gesê oom Danie is stupid nie. En ek hou in elk geval nie van *Red Door* nie. Dit stink...

Toe praat ek en die tannie vir drie dae nie. Toe gaan haal sy Kleindaan-hulle se trouwyn om op te maak. Die bottel met hul name op en die troudatum. Toe gooi sy vir my meer in as vir haar en sê sy is jammer dat sy gesê het ek is stupid. Sy sê sy het nog altyd gedink ek weet...

Ai Dominee, daar is min wat kan genees soos goeie wyn.

Dit gaan ook nie goed by ou Sefie se huis nie. Dominee Braam, daai vrou is nie 'n man se maat nie. Sy kla nou nog oor die spyker wat hy voor die lockdown moes inslaan. Dit is so, ou Sefie is bietjie skugter vir werk, maar daai vrou is erg, Dominee. Hy sê ou Gesie is op haar gelukkigste as sy kan kwaad wees.

Sy stuur hom dorp toe om melk te gaan koop. Sy sê as daar avos is, koop ses. Hy sê daar was toe avos en hy koop toe die ses boksies melk soos sy gevra het. Die hel was los, Dominee! Dominee moet asseblief gaan help.

Wag Dominee, ek moet nog gaan wasgoed ophang. Groete vir Mevroutjie.

Amper vergeet ek. Sal Dominee omgee as iemand toiletpapier as deel van sy dankoffer gee? Vra maar net.

Liefde
Jou oom Daantjie.

*O, ek wou nog sê. Die tannie hoor Oscar gaan nog voor ons uit wees. Weet darem nie of dit waar is nie, Dominee.*




# NGWATHE 2021/22 BEGROTING: NOU TYD VIR INSETTE

Ngwathe Munisipaliteit se openbare deelname proses rakende die 2021/22 Begroting en Geïntegreerde Ontwikkelingsplan is tans in volle swang. Vergaderings waar insette gemaak kan word word tans regdeur Ngwathe gehou. Volledige besonderhede van die datums en plekke waar die vergaderings sal plaasvind is by munisipale kantore en ook op die munisipaliteit se webwerf beskikbaar.

"Die publiek moet nou die geleentheid gebruik om hul insette ten aansien van beide die begroting en die ontwikkelingsplan te doen" sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe.

Die vergadering vir Wyk 2, waarin die grootste deel van Heilbron dorp resorteer, word gehou op Woensdag 14 April 2021 te Phirihadi Laerskool om 16:30.

Inwoners wat dit moeilik mag vind om fisies 'n vergadering by te woon kan hul insette in die alternatief per e-pos versend. Die adres vir insette vir die begroting is budgetsubmissions@ngwathe.co.za en vir insette vir die Ontwikkelingsplan is idpsubmissions@ngwarhe.co.za.

Die volledige begroting en ontwikkelingsplan is beskikbaar by munisipale kantore en biblioteke asook op die munisipaliteit se webwerf by www.ngwathe.fs.gov.za.

# UIT DIE PEN

## WEEK VEERTIEN VAN 2021



Vir ses dae het sy my gefassineer: die ene wat ewe dwarstrekkerig in die Suezkanaal gepronk het: die *Ever Given* wat in die kanaal loop vassit het, blykbaar as gevolg van sterk wind. Die skip behoort aan Imabari Shipbuilding in Japan, maar word beheer deur Evergreen Marine in Taiwan. Ineteressante feit: al die skepe wat aan Evergreen behoort, se name begin met "Ever G".

Die skip is in Panama geregistreer en die tegniese bestuur word deur 'n Duitse maatskappy, Bernhard Schulte Shipmanagement gedoen. Die verskillende lande wat 'n vinger in die skip-pastei het, het my klaar deurmekaar.

Die eerste *Ever Given* is in 1986 gebou, maar is reeds afgeskryf. Die huidige skip is in September 2018 voltooi. Sy is presies 399,94 meter lank, die boeg is 58,8 meter en die hoogde vanaf die kiel tot by die hoofdek is 32,9 meter. Sy weeg 99 155 ton en kan gelaai word tot 220 940 ton. Daar was 18 300 skeepsvraghouers op die skip. Ek kan jou ure lank vermaak oor die *two stroke enjin*, 'n 11 silinder *straight enjin* en 'n vier *straight-8 diesel generators*. Maar dit sal werklik 'n vermaaklike storie wees, want van enjins en die binnegoed van enige motor wis ek niks.

As jy tot op 23 Maart nog nooit van die ou kanaaltjie gehoor het nie, weet jy dalk nou dat dit die deurgang is tussen die Meditereense See, vanaf Port Said tot in die Suezgolf, totdat dit in die Rooi See uitloop. Die kanaal is 193,3 km lank, 24 meter diep en 205 meter wyd. Dit was al in menige oorloë betrokke en het al 'n paar onrimpelings en ander *face lifts* gehad. Daar beweeg ongeveer 52 skepe per dag deur die kanaal. Indien die skepe om die Suidpunt van Afrika moes vaar, sou dit ten minste 8 dae of 8 900 kilometer by die seereis voeg. Afhangend van die skip se bestemming.

Die hele gemors het my laat dink aan 'n toneelstuk geskryf deur Athol Fugard, "A Lesson from Aloes." Wat van 'n skrywe oor "A Lesson from Suez"?

**Les een:** Moenie jou ma te vlak kyk nie.

Ek, my goeie man en sy skoonma gesels oor die blokkasie. Ek noem dat ek nie geweet het dat die Suezkanaal so smal is nie. My ma (jip: dis dieselfde een wat my man se skoonma is) sê: "De Lesseps." Ek dog sy praat sommer omdat praat praat is. Sê sy weer: "Ferdinand de Lesseps." Ek vra: "Wat nou, ma?"

"Dit was hy, Ferdinand de Lesseps."

Syne ek 'n redelike algemene kennis het, maar nog nooit van hierdie persoon gehoor het nie, trek ek my vriend, Google, nader. Jou werklikwaar: Broer Ferdinand het in 1854 toestemming gekry om 'n maatskappy te stig wat uiteindelik die kanaal toeganklik sou maak en vir 99 jaar sou bestuur.

Goed gedoen, ma! Mag ek ook, op amper 85 jarige ouderdom, sulke feite onthou.

**Les twee:** As jy Afrikaanssprekend is, is spelling belangrik.

Dawid van Lill het 'n interessante *Tweet* uitgestuur: "Taal is tog sò belangrik, ook wanneer dit by skeepvaart kom. En dan MOET 'n mens ook iets van die vas- en losspel van woorde weet. Die instruksie aan die kaptein van die merske skip was: "Jy moet dwarsdeur die Suezkanaal vaar." Wat hy gehoor het: "Jy moet dwars deur die Suezkanaal vaar."

Twee verskillende instruksies wat 6 dae se probleme veroorsaak het.

**Les drie:** Dit vat meer as 'n kaptein om 'n groot skip gedraai te kry.

Ek het eens op 'n tyd 'n kleinerige Fordkarretjie gehad. Ek kon orals inwoerts en uitwoerts. My ou pa het altyd gesê dat ek hierdie karretjie op 'n tiekie kon omdraai.

Die lengte van die skip is gelyk aan omtrent vier rugbyvelde. Dit gaan bars gaan om vier rugbyvelde van rigting te laat verander. Baie moeiliker as met my Fordkarretjie. Behalwe van ander hulp, is onder andere agt sleepbote gebruik om die skip weer vlot te maak.

Dieselfde kan gesê word van 'n besigheid wat gewoond is daaraan om dieselfde ding op dieselfde manier te doen: dit vat meer as 'n kapteintjie en agt sleepbote om daardie skip om te draai. Suez het ons dit geleer.

**Les vier:** Dit kon erger gewees het.

My ou pa het vertel dat sy destydse sub-B-juffrou die volgende op sy skoolrapport geskryf het: "Gert is 'n baie verantwoodelike kind." Waarop my ou pa dan sou sê dat hy verantwoordelik was vir min of meer alles wat verkeerd gegaan het.

Waaraan ek my troos is dat my gemorsies wat ek in my kantoor aanvang definitief nie die opdamming van omtrent 400 groot skepe veroorsaak het nie. Dalk moet ek kyk of ek daarop kan verbeter? Net 'n idee.

**Les vyf:** Pas op wat jy sê wanneer jy kwaad is.

(Nota aan Dawid van Lill: Pasop kan los of vas geskryf word volgens die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls.)

Ek en my rooikopsussie het baie baklei. Een mooi dag het my ma ons twee rug-teen-rug aan mekaar vasgemaak. Ons het die hele oggend sò in die gang gesit. Totdat ons weer vrede gemaak het. Soms wou ek iets by haar leen wat ek definitief sou breek. Sy het dus dan geweier om dit vir my te leen. Waarop ek sou reageer: "Man, druk dit!"

Sê nou net die kaptein het die eienaars van die skip gevra of hy maar die skippie kan oorneem? Die eienaar het dit natuurlik geweier en dis toe dat die kaptein hom vererg het. Sê nou net die kaptein het gereageer met: "Ag, man, druk jou skip." Ek wonder maar net.

**Les ses:** 'n Los wind kan lol.

Staan terug wanneer daar 'n wind verbykom. En wanneer die tyd kom wat jy hierdie los wind moet los, los dit maar waar jy die minste skade kan aanrig. En moet dit nie ontken wanneer jy uitgevang word nie: die *Ever Given* kon nie ontken dat sy vassit nie. Dieselfde met 'n los wind: as jy die enigste persoon in die omtes is, kan jy dit ook nie ontken nie.

# NGWATHE HEELWAT ONDER DIE LOEP

Heilbon-inwoners kan sedert Dinsdag die voorgestelde munisipale begroting vir die nuwe finansiële jaar bespreek. Die nuwe jaar begin op 1 Julie. Ook die jaarverslag vir verlede jaar, asook die jaarstate met die belangrike verslag van die Ouditeur-generaal is nou ter insae.

Ngwathe se voorgestelde tariewe sal styg met 4.1%, behalwe water (4.95%) en elektrisiteit. Laasgenoemde sal, as gevolg van enorme Eskom-verhogings, styg met 20.0% (onderhewig aan goedkeuring deur Nersa).

Afskrifte van die nuwe begrotingsvoorstelle is vir die publiek beskikbaar by alle munisipale kantore, en raadslede is beloof dit sal ook op die internet geplaas word (by http://www. ngwathe.fs.gov.za).

Soos iedere jaar sal inwoners vrae kan vra, kommentaar lewer en wysigings voorstel. "As Covid u van vergaderings laat wegbly kan u die begrotingsvoorstelle op die internet aanskou en u reaksie dan per e-pos na die munisipale bestuurder stuur (by jordaanr@ ngwathe.co.za')", sê DA-raadslid Arnold Schoonwinkel, DA-segsman oor munisipale finansies.

DA-raadslede sê aan Heilbron Herald hierdie begroting is baie moeilik. "Ons sou graag meer besteding aan infrastruktuur (soos strate, kragdrade, waterpype en -suiwering) wou sien, maar munisipale inkomste is onder groot druk en daar is reeds te min geld vir alle lopende uitgawes." sê Raadslid Andries Vrey (Wyk 12).

Volgens wet moet die stadsraad jaarliks voor of op 31 Januarie sy jaarverslag vir openbare bespreking goedkeur. Covid het dit egter vertraag, en die Jaarverslag (tesame met die finansiële state, en die verslag van die Ouditeur-generaal) word nou, tesame met die konsep-begroting, aan inwoners voorgelê.

Heilbron Herald sal later daaroor berig.



# KENNISGEWING

### KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle ALBERTUS JACOBUS LOMBARD, Identiteitsnommer 430425 5034 08 6, wat getroud was en woonagtig was te plaas Pretoria, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 20 Oktober 2020, boedelnommer 009195/2020.
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.

**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199**
**HEILBRON**
**9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

### KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE

In die boedel van wyle, **ABRAM HLALELE,** met Identiteitsnommer 470608 5541 082, 'n getroude persoon getroud binne gemeenskap van goedere met **RACHEL HLALELE** met Identiteitsnommer 490404 0397 084, **BOEDELNOMMER, 008660/2020** wie woonagtig was te 410 Mamafubedu, Petrus Steyn, Vrystaat, 9810 en wie op 15 Augustus 2020 oorlede is.
Enigeen wat 'n eis het teen, of bedrae verskuldig is aan die bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eise in te dien, of verskuldigde bedrae te betaal, by die ondergemelde adres, binne 30 (Dertig) dae na pubikasie hiervan.
Geteken te Bethlehem op hede die 17de dag van Maart 2021.

**SJ VENTER**
**CAMBRIDGESTRAAT 110**
**POSBUS 96**
**BETHLEHEM, 9700**
**TEL: 058 050 0494**
**E-POS: elsa@sventerlaw.co.za**
**VERW: SJ VENTER/es/HLA15/0001**

### BLOEDSKENK DATUMS

25 Mei, 27 Julie, 28 September, 23 November

### POSTNET HEILBRON

Besigheidsure

Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30

Saterdae:
09:00 -12:00

Elsstraat 42
HEILBRON
Tel: 058 853 0006

# JAARBEPLANNER

**April 2021**
30 Apr. NG Kerk Suid (Verkopings)

**Mei 2021**
28 Mei NG Kerk Suid (Verkopings)

**Julie 2021**
30 Julie NG Kerk Suid (Verkopings)

**Augustus 2021**
6 Aug. NG Kerk Suid (Basaarverkoping)
13 Aug. NG Kerk Suid (Basaarverkoping)
20 Aug. NG Kerk Suid (Basaarverkoping)
28 Aug. NG Kerk Suid
(Basaar / Saamkuier geleentheid)

**Oktober 2021**
1 Okt. NG Kerk Suid (Verkopings)

**Desember 2021**
4 Des. NG Kerk Suid
(Gholfdag en Kersmark)

### BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

### KENNISGEWING MOEDERSDEEL BRANDBESKERMINGS-VERENIGING

Neem kennis van Moedersdeel Brandbeskermings se algemene jaarvergadering.
**Datum:** 14 April 2021
**Plek:** Boeresaal, Heilbron
**Tyd:** 12:30 - 13:30
Alle lede en voornemende lede binne die gebied van die brandbeskerningsvereniging is welkom om die vergadering by te woon.
**Vir enige navrae kontak:**
Adriaan Lange 076 379 9364
Francois Martens 083 289 9114

### BIBLIOTEEK OOP

*Piercestraat 66 • Heilbron*
Heilbron Biblioteek is **VYF DAE** per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
**MAANDAE TOT VRYDAE -**
09:00 - 13:00 (Volwassenes) en
14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.

### GiG Technologies (Pty) Ltd

Jenny Wireless Internet
www.jenny.co.za
087 170 0000
Contact us for all your technical needs!
Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993

# DIENSTE

### Andries Muller

Muller Draaiwerke
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net).
Velde of wen-akkers.
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

### HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
*Hannalie Claassen 079 040 0531*

# SMALLS

# EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# TE KOOP

### HAWER PITTE TE KOOP

Hawer pitte @ R7-00 per kg.
Vars gestroop.
**Skakel 082 677 7609**
K0743

### Winkelure

**Maandae - Donderdae**
07:30 tot 17:00
**Vrydae:**
07:30 tot 16:30
**Saterdae:**
08:30 tot 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

### Ondervind u probleme om duidelik te hoor?

**HEAR4LIFE**, 'n gehoorpraktyk van Pretoria, **besoek Heilbron** weer op

**VRYDAG 16 APRIL 2021.**
Gehoortoetse en apparate teen Mediesefonds tariewe.
**PLEK: TUISBESOEKE PER AFSPRAAK**
**Skakel /WhatsApp Ria 063 959 3028 vir afsprake.**

Hear4Life

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Individual & Family
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn

MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY

072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za

# KLEUTERKASTEEL PRET





Kleuterkasteel se kleuters het Paasnaweek al vroeg afgeskop. Die personeel van Cornelius en Vennote het die kinders op 1 April met paaseiers bederf, wat hulle so tussen deur die leer, lag en speel geniet het. Dit was die besigheid se uitreikprojek vir April en groot waardering word getoon van die Kleuterskool af vir die groot bederf. Die eerste week van April is die leerders lekker doenig en het die poppemeester van Brakpan die kleuters kom verras met 'n poppekas storie op Woensdag, 7 April 2021. Die tema was "Pas jouself op" en die vertoning skop af deur te beklemtoon hoe belangrik dit is om maskers te dra tydens die Covid-pandemie. Die kleuters het die vertoning saam met *Spot* die Hond en *Barney* terdeë geniet.





# KRANSLEGGING VAN DIRKIE UYS SE GRAF

Dinsdag 6 April, het Jan Danie Malan van die FAK gereël vir 'n kranslegging by Dirkie Uys se graf in die Konsentrasiekamp begraafplaas. Die geleentheid was baie spesiaal, omdat familie van die 14 jarige Dirkie ook teenwoordig was. Leon Uys van Heidelberg en sy suster, Antoinette van Rooyen was ook teenwoordig. Hulle Oupa, Matthys Johannes Uys, was klein Dirkie se broer. Elna de Koker van die Voortrekkers en ek was ook teenwoordig. Na die kranslegging het ons almal by OJ's gaan koffie drink en heerlik gekuier. Dirkie se graf gaan deur die FAK reggemaak word.

Wat Dirkie se geskiedenis betref; sy pa Cornelis Janse Uys en sy ma Miemie het op die plaas Zwakfontein aan die Renosterrivier anderkant Posdrif gewoon. Tydens die Anglo Boer Oorlog het Cornelis Uys en 4 van sy seuns oorlog toe gegaan. Miemie en 'n dogter Alida (13 jr), 'n baba van 10 maande en drie seuns Pieter (6 jr), Fanie (9 jr) en Dirkie (11 jr) het alleen op die plaas agtergebly. Hulle het reeds gehoor dat die Engelse die plase gaan afbrand en die vrouens en kinders konsentrasiekampe toe gaan neem. Klein Dirkie se woorde was "ek gaan nie saam met die Engelse nie, ek gaan by my pa en my broers op kommando aansluit". Hy en sy boetie Fanie het toe 25 myl geloop en by sy pa se kommando aangesluit. Sy ma en die kleiner kinders is gevang en na die Springfontein Konsentrasiekamp gestuur. Die plaashuis is aan die brand gesteek en die sterk klipmure is met dinamiet in die lug geblaas. Al die vee is doodgemaak.

Tydens 'n geveg het die Engelse Dirkie in die maag geskiet. Die Tommies het hom na die Britse hospitaal in Heilbron geneem, waar hy op 27 Februarie 1902 gesterf het. Die hospitaal was waar die ou Witskool en CVO skool later was. Hy is in die Konsentrasiekamp begrawe. Sy naam is ook op die monument voor die Moederkerk. Dirkie se pa en 'n broer is ook in die aanval gewond en is later na 'n kamp oorsee gestuur. In 1905 is daar weer 'n Uys seun gebore, en hulle het hom na sy ouboet Dirkie vernoem.

Al hierdie inligting was later op Faceboek geplaas deur mev. Ella Uys, die eggenote van hierdie tweede Dirkie Uys. My nuuskurigheid het my dieper laat delf, en so het ek op Leon Uys afgekom. Sy pa was Cornelius Uys (Buks) wat op die plaas Bloemhof gebly het. Leon se oupa was Matthys Johannes Uys, 'n broer van klein Dirkie van die plaas Zwakfontein.

*- Quarta Pretorius*





*Op die foto bo by Dirkie se graf. Leon Uys en sy suster Antoinette van Rooyen. Hul oupa was Dirkie se broer.*
*Foto links: Elna de Koker, Antoinette van Rooyen, Leon Uys, Theuns Swanepoel. Voor: Jan Danie Malan van FAK.*



# DEMI LEE MOORE BY DIE SKEERSTOOR!



Die Saterdagaand vertoning waarvoor bykans 400 kaartjies verkoop is, was 'n reuse sukses. Hoërskool Heilbron se MK van 2021 het gehelp met die kaartjie-verkope en het ook die aand van die optrede worsbroodjies verkoop om geld in te samel.

Onike van Vuuren wat in die voorvertoning opgetree het, beskryf die ervaring op Facebook as 'n "Ongelooflike voorreg om by julle te kon sing!" Hoewel Heilbron nie 'n groot en bekende dorp is nie, maak die inwoners altyd seker dat besoekers hulle tyd hier sal onthou.

Demi Lee Moore het om 19:30 begin sing. Hoërskool Heilbron se ouerkomitee het voor die vertoning peuselhappies te koop aangebied by hierdie eerste geleentheid wat die Skeerstoor in die opelug onder die sterre gehou het.

Groot waardering word getoon vir Donsveertjie Gasteplaas en Venue vir Demi Lee en Onike se verblyf en etes. Heilbronners smag na vermaak en Covid-19 het ons goed uitgehonger daarvoor.

Maak seker dat jy die Skeerstoor Kroeg se Facebook-blad dophou, want hulle het nog baie planne en is jy verseker jy mis nie die volgende groot geleentheid nie.



# EVERYTHING HAS IT'S OWN PERFECT TIMING



On the 27th of March 2021, Karabo Abigail Poho had a book launch and a birthday celebration at Boitumelong Primary School. Karabo's wish finally came true since she always had longed to be an author. Karabo was born on the 28th of March 1994 in Phiritona, Heilbron. She started to attend school at Kearabetswe Public School in 2001 and then furthered her studies at Phiritona High School, finishing matric in 2014. She began to develop the love of reading books at the tender age of 13 years, and shortly after this, her passion for writing was born. Both her books, Steps Of Life and Unexpected Through An Unpredictable Journey, were written out of her experiences in her life ever since she lost her only parent. Her mother left this world when she was just seven years old. Her grandmother from the maternal family took care of this little girl until her adulthood. Later on, she got married at 21, but unfortunately, it didn't last due to the abusive marriage she found herself in.

Karabo is now a single mother to a beautiful three-year-old girl named Atlotliswe Poho, walking in her mother's footsteps. Karabo is a motivator through her books, motivating women of all ages about life's challenges and what women are going through to learn how to be strong through God, who always empowers us to tackle our daily challenges.


Karabo wants to remind everyone that everything has its own perfect timing.

To order the books at the price of R450 as pair, or a face-to-face discussion, you can contact her on 071 089 3726 (WhatsApp) or 074 036 8434.

Follow her on Facebook: Karabo Abigail Poho. Twitter: Karabo Abigail Poho. Instagram: Karabo Abigail Poho. Email address: pkaraboabigail@gmail.com.

Website page: www.KaraboAbigailPoho.co.za



# HERALD SPORT

**POSTNET HEILBRON**
Besigheidsure
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
*Elsstraat 42 HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*
















## BKB Louwid

### Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 12 APRIL 2021**

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

**DINSDAG - 13 APRIL 2021**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling
Freek Pieterse 079 560 7088

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

**WOENSDAG - 14 APRIL 2021**

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Sakkie v Rensburg 082 562 0937

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

**DONDERDAG - 15 APRIL 2021**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

**VRYDAG - 16 APRIL 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

BKB LOUWID

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**

**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Silma Petzer. Kantoorure 058 852 3033.**

**WINKEL-URE**

**Maandae - Donderdae**
07:30 tot 17:00

**Vrydae:** 07:30 tot 16:30

**Saterdae:**
08:30 tot 13:00

Elsstraat 44,
Heilbron, 9650
Tel: 058 852 3033

